

29 September

Jeremia 12:5-17; (Teks: 12:5)

As tye erger word...

Eintlik gaan dit nog met ons goed....

Ja, daar is dinge wat nie so goed lyk nie; daar is politieke onsekerheid, sanksies en ekonomiese druk, ongeregtigheid wat maar net toeneem.

Tog gaan dit nog goed.

Maar om werklik Christen te wees, beteken dat jy ook in die toekoms Christen moet wees. Sal jy dit regkry as die Bybel nêrens meer geduld word nie of as dit lewensgevaarlik word om jou geloof in God te bely?

Jeremia se preke het die volk kwaad gemaak. Hulle wou nie hoor van bekering nie.

Hulle wou daarom eerder vir Jeremia doodmaak. Dit maak die profeet heeltemal moedeloos. Hy wou sommer alles laat vaar en moed opgee!

En die Here se antwoord?

"As voetsoldate jou moeg hardloop, hoe sal jy teen perde kan hardloop?"

Dit wil sê Jeremia, jy kla omdat mense jou wil doodmaak ... maar dit is nog niks in vergelyking met wat later mag kom nie. Nou hardloop jy nog saam met voetgangers. Jy kan nog byhou. As jy egter nou al moeg word, jou geestelike ewewig verloor, hoe sal jy later kan byhou? Nee, moenie moedeloos word nie. Onthou, die Here is by jou!

So word Jeremia voorberei vir erger dae wat kom.

Wat sal met u gebeur as die tye erger word?

Nou beleef ons eintlik nog rus en vrede ... maar:

As dit nou al te veel gevra is om gereeld Bybel te lees of na 'n preek te luister, wat sal met u gebeur as donker wolke van geloofsvervolging oor ons hang? As u nie nou die Christelike Evangelie uitdra in u daaglikse werk nie, wat sal gebeur as die tyd kom dat u as Christen moontlik u werk kan verloor.

As u nou al kla oor die kruis wat u moet dra, wat sal gebeur as die Here 'n nog swaarder kruis op u laai? As die aanslae van die Bose u nou al in u geloof laat twyfel, wat sal gebeur as die versoeking met alle mag op u afstorm? As dit nou al so moeilik is om 'n vloekwoord af te leer, 'n ou rusie goed te maak, as dit nou al so moeilik is om die sonde te haat en te ontvlug, wat sal gebeur as die mense u eer juis vanweë u sondes? As dit nou al so moeilik is om 'n Christen te wees, wat sal gebeur as die Christen vervolgd word?

Wat sal met u gebeur?

Daarom is vandag vir ons so belangrik; om ons vandag te oefen in die geloof. Daarom moet ons nou reeds die Bybel meer en meer bestudeer, nou reeds al meer op ons Verlosser vertrou, nou reeds ons geloof beleef en uitleef, nou reeds meer bid om krag.

Dan kan ons God elke dag as ons Hulp ken ... en dié wat op Hom wag, kry nuwe krag.

Ja, krag, want Christus het ons mos klaar gekoop op Golgota. Met sy krag word 'n mens nie moeg om selfs teen perde te hardloop nie!

Ds. R.G. Aucamp (Middelburg, Kaap)